144	Wet op Mynregte (20/1967): Uithou van grond vir doeleindes van openbare paais	24 7414	R. 218	Import and Export Control Act (45/1963): Amendment of Export Control Regulations	36 7401
			R. 255	Sugar Act (9/1978): Amendment of the Sugar Industry Agreement, 1979.....	37 7401

No.	Bladsy No.	Staats-koerant No.	No.	Page No.	Gazette No.
Nasionale Opvoeding, Departement van			General Notices		
<i>Goewermentskennisgewings</i>			126	1	7403
287			Companies Act (61/1973): Registration of companies.....		
288	11	7414	155	30	7414
do.: do.: Orbicule Koppie, Concordia.....			Customs and Excise tariff applications: List 8/81.....		
289	11	7414	Internal Affairs, Department of		
do.: do.: Welverdiend, Pietermaritzburg....			<i>Government Notices</i>		
290	12	7414	257	1	7399
do.: do.: E.T.C.-gebou, Barberton.....			Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P81/12.....		
291	12	7414	286	3	7414
do.: do.: Veldtuin, Johannesburg.....			Number of parliamentary White voters in areas of urban local authorities in the Province of Natal as ascertained at 31 January 1981.....		
292	13	7414	308	6	7414
do.: do.: Victoriaanse Skakelhuis, Stellenbosch.....			Result of election of members of the House of Assembly.....		
354	14	7414	331	6	7414
Heraldiekwet (18/1962): Aansoek om registrasie.....			Publications Act (42/1974): Undesirable Publications or objects: List P81/14.....		
Nywerheidswese, Handel en Toerisme, Departement van			332	7	7414
<i>Goewermentskennisgewings</i>			do.: Prohibition.....		
125	1	7377	333	9	7414
Wet op Standaard, 1962: Publikasie van Verkorte Kennisgewings ten opsigte van sekere Gebruikskodes en Standaardspesifikasies.....			334	8	7414
Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (103/1977).....			do.: Deleted.....		
R. 218	14	7377	335	8	7414
Wet op In- en Uitvoerbeheer (45/1963): Wysiging van Uitvoerregulasies.....			do.: Appeal.....		
R. 255	36	7401	do.: do.....		
Suikerwet (9/1978): Wysiging van Suiker-nywerheidsooreenkoms, 1979.....			Justice, Department of		
<i>Algemene Kennisgewings</i>			<i>Government Notice</i>		
126	1	7403	310	10	7414
Maatskappywet (61/1973): Registrasie van maatskappye.....			Internal Security Act (44/1950): Prohibited from attending gatherings.....		
155	30	7414	Manpower Utilisation, Department of		
Doecane- en Aksynatariefaansoeke: Lys 8/81.....			<i>Government Notices</i>		
Pos- en Telekomunikasiewese, Departement van			R. 219	26	7401
<i>Algemene Kennisgewings</i>			Correction notice.....		
142	24	7414	R. 220	27	7401
Verkoop van onafgelewerde en onafgehaalde artikels: Kaapstad.....			Wage Act (5/1957): Amendment to Wage Determination 374: Condensed Milk and Other Milk Products Industry: Certain Areas.....		
145	24	7414	R. 251	29	7401
Poswet (44/1968): Tarieflys vir Telekomunikasiedienste.....			Industrial Conciliation Act (28/1956): Laundry, etc. (Natal): Amendment of Main Agreement.....		
153	27	7414	R. 252	32	7401
Poswet (44/1958): Tarieflys vir telekomunikasiedienste.....			do.: do.: Amendment of Sick Benefit Fund Agreement.....		
Samewerking en Ontwikkeling, Departement van			R. 253	34	7401
<i>Goewermentskennisgewings</i>			do.: do.: Amendment of Provident Fund Agreement.....		
R. 221	41	7401	R. 254	36	7401
Wet op Gemeenskaprade (125/1977): Regulasies: Dealesville: Wysiging van R. 1089/1978.....			do.: do.: Renewal of Agreements.....		
R. 222	41	7401	General Notices		
do.: do.: Hertzogville: Wysiging van R. 1089/78.....			130	1	7405
R. 223	42	7401	Wage Act (5/1957): Security Services, Certain Areas.....		
do.: do.: Ermelo: Wysiging van R. 102/78.....			133	1	7406
R. 224	42	7401	Unclaimed moneys.....		
do.: do.: Wakkerstroom: Wysiging van R. 1168/78.....			138	19	7414
R. 225	43	7401	Application for registration of a trade union		
do.: do.: Kaapstad: Wysiging van R. 169/79.....			Mineral and Energy Affairs, Department of		
R. 226	43	7401	<i>Government Notice</i>		
do.: do.: Piet Retief: Wysiging van R. 1168/78.....			311	11	7414
R. 227	44	7401	Mining Rights Act (20/1967): Exemption of Certain Land.....		
do.: do.: Ventersburg: Wysiging van R. 112/79.....			General Notice		
R. 228	44	7401	144	24	7414
do.: do.: Koffiefontein: Wysiging van R. 1089/78.....			Mining Rights Act (20/1967): Reservation of land for the purposes of public roads....		
R. 229	45	7401	National Education, Department of		
do.: do.: Amersfoort: Wysiging van R. 1168/79.....			<i>Government Notices</i>		
R. 230	45	7401	287	11	7414
do.: do.: Theunissen: Wysiging van R. 420/79.....			National Monuments Act (28/1969): Declaration: Zorgvliet, Cape Town.....		
R. 231	46	7401	288	11	7414
do.: do.: Jacobsdal: Wysiging van R. 1089/78.....			do.: do.: Orbicule Koppie, Concordia.....		
R. 232	46	7401	289	12	7414
do.: do.: Welkom: Wysiging van R. 1337/78.....			do.: do.: Welverdiend, Pietermaritzburg....		
R. 233	47	7401	290	12	7414
do.: do.: Hermanus: Wysiging van R. 1895/79.....			do.: do.: E.T.C. Buildings, Barberton.....		
R. 234	47	7401	291	13	7414
do.: do.: Paarl: Wysiging van R. 2525/78..			do.: do.: The Wilds, Johannesburg.....		
R. 235	48	7401	292	14	7414
do.: do.: Bultfontein: Wysiging van R. 68/79.....			do.: do.: Victorian Semi-detached Cottage, Stellenbosch.....		
R. 236	48	7401	354	14	7414
do.: do.: Barberton: Wysiging van R. 102/78.....			Heraldry Act (18/1962): Application for registration.....		
315	15	7414	Posts and Telecommunications, Department of		
Swartes (Standsgediede) Konsolidasiewet (25/1945): Administrasieraad: Noord-Kaapgebied, Upington.....			<i>General Notices</i>		
316	15	7414	142	24	7414
do.: do.: Olifantshoek.....			Sale of undelivered and unclaimed articles: Cape Town.....		
317	16	7414	145	24	7414
do.: do.: Suid-Oranje-Vrystaat, Winburg..			Post Office Act (44 1958): Tariff for tele-communications services.....		
318	16	7414	153	27	7414
do.: do.: Intrekking van vrystelling: Phala-borwa.....			Post Office Act (44 1958): Tariff for telecommunication NETWORKS.....		
Vervoer, Departement van			General Notices		
<i>Goewermentskennisgewing</i>			142	24	7414
323	16	7414	Sale of undelivered and unclaimed articles: Cape Town.....		
Wet op Verpligte Motorvoertuigverskering (56/1972): Soos gewysig.....			145	24	7414
			Post Office Act (44 1958): Tariff for tele-communications services.....		
			153	27	7414
			Post Office Act (44 1958): Tariff for telecommunication NETWORKS.....		

No.	Bladsy No.	Staats- koerant No.	No.	Page No.	Gazette No.
Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring, Departement van			Transport, Department of		
Goewermentskennisgewings			Government Notice		
R. 256			323		
Waterwet (54/1956): Wysiging van regulasies uitgevaardig kragtens artikel 26 (c) en (d).....			Compulsory Motor Vehicle Insurance Act (56/1972): As amended.....		
	49	7401	16		7414
302			Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation, Department of		
Boswet (72/1968): Onttrekking van 'n sekere gedeelte staatsbosgrond aan demarkeering.....			Government Notices		
	17	7414	R. 256		
303			Water Act (54/1956): Amendment of regulations made in terms of section 26 (c) and (d).....		
	17	7414	49		7401
352			302		
Waterwet (54/1956): Gamtoosrivier-Staatswaterbeheergebied: Maksimum grond wat besproei kan word.....			Forest Act (72/1968): Withdrawal of a certain portion of state land from demarcation.....		
	18	7414		17	7414
Algemene Kennisgewings				17	7414
146			303		
Krokodilrivier (Wes - Transvaal) - staatswaterbeheergebied: Besproeiingsontwikkeling uit boorgate in die Riviervallei ondergrondsewaterdraers (voorheen bekend as die Alluvium).....			do.: do.....		
	25	7414	352		
148			Water Act (54/1956): Gamtoos River Government Water Control Area: Maximum land which may be irrigated.....		
Waterwet (54/1956): Phalaborwa-waterraad: Aanstelling van lede.....				18	7414
	26	7414	General Notices		
151			146		
Waterwet (54/1956): Leeuwrivier-staatswaterskema: Inlystingsvergadering.....			Crocodile River (Western Transvaal) Government Water Control Area: Irrigation development from boreholes in the River Valley Aquifers (previously known as the Alluvium).....		
	27	7414		25	7414
Amptelike publikasies uitgegee gedurende Desember 1980.....			148		
	30		Water Act (54/1956): Phalaborwa Water Board: Appointment of members.....		
Gewysigde sluitingstye vir wetlike en Goewermentskennisgewings.....				26	7414
	31		151		
WETLIKE ADVERTENSIES			Water Act (54/1956): Leeuw River Government Water Scheme: Scheduling board meeting.....		
Algemene Voorwaardes en Tariewe.....	32		Official publications issued during December 1980.....		
Aktes: Verlore Dokumente.....	41			30	
Algemeen.....	59		Amended closing times for legal and Government notices.....		
Besigheidskennisgewings.....	35			31	
Boedelwettekennisgewings.....	71		LEGAL ADVERTISEMENTS		
Derdeparty-assuransie-eise.....	108		General Conditions and Rates.....		
Geregtelike en Openbare Verkope.....	49		Administration of Estates Acts Notices....		
Handelsmerke in SWA.....	65		Business Notices.....		
Insolvensiewet- en Maatskappywette-kennisgewings.....	96		Butchers' Notices.....		
Likwidaateurskennisgewings.....	40		Change of Name.....		
Maatskappykennisgewings.....	37		Companies Notices.....		
Naamsveranderings.....	57		Deeds: Lost Documents.....		
Naturalisasiekennisgewings.....	107		General.....		
Orders van die Hof.....	46		Insolvency Acts and Companies Acts Notices.....		
Publieke Veilings.....	56		Liquidators' Notices.....		
Slagterskennisgewings.....	58		Lost Life Insurance Policies.....		
Tersydestellings en Afwysings van Aansoeke.....	48		Naturalisation Notices.....		
Verlore Lewensversekeringspolisse.....	106		Orders of the Court.....		
			Public Auctions.....		
			Sales in Execution and Public Sales.....		
			Supersessions and Discharge of Petitions...		
			Third Party Insurance Claims.....		
			Trade Marks in SWA.....		



CONT

University of Fort Hare
Together in Excellence





7415

University of Fort Hare
Together in Excellence



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 3139
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD Registered at the Post Office as a Newspaper
 POSVRY · POST FREE

Vol. 188]

PRETORIA, 20 FEBRUARIE
 FEBRUARY 1981

[No. 7415

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 29, 1981

WYSIGING VAN PROKLAMASIE R. 214
 VAN 1977

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (3) van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971), vervang ek hierby die woorde "Voor-sitter" en "Ondervoorsitter" deur die woorde "Speaker" en "Adjunk-Speaker" respektiewelik waar dit ook al voorkom in Proklamasie R. 214 van 1977.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Februarie Eenduisend Negehoenderd Een-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

(Lêer R223/2)

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE
 AANGELEENTHEDE**

No. R. 305 20 Februarie 1981

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963

WYSIGING VAN REGULASIES

Ek, Petrus Johannes Badenhorst, Adjunk-minister van Binnelandse Aangeleentehede, handelende uit hoofde van 'n opdrag ingevolge artikel 21 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), wysig hierby met ingang van 1 Januarie 1981 die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 34 van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1898 van 21 November 1963, soos gewysig, verder soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

P. J. BADENHORST, Adjunk-minister van Binnelandse Aangeleentehede.

24 Desember 1980.

485—A

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 29, 1981

AMENDMENT OF PROCLAMATION R. 214
 OF 1977

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (3) of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby substitute the words "Speaker" and "Deputy Speaker" for the words "Chairman" and "Deputy Chairman" respectively wherever they occur in Proclamation R. 214 of 1977.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fourth day of February, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

(File R223/2)

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS

No. R. 305 20 February 1981

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963

AMENDMENT OF REGULATIONS

I, Petrus Johannes Badenhorst, Deputy Minister of Internal Affairs, acting in pursuance of an assignment under section 21 (1) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), hereby further amend with effect from 1 January 1981, the regulations made under section 34 of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), and published under Government Notice R. 1898, dated 21 November 1963, as amended, as set out in the Schedule hereto.

P. J. BADENHORST, Deputy Minister of Internal Affairs.

24 December 1980.

7415—1

BYLAE

Regulasie T6.1 word deur die volgende regulasie vervang:

"T6.1 (a) 'n Toelae deur die Sekretaris bepaal, maar hoogstens R30 per week van sewe dae eindigende op Vrydae, met inbegrip van skoolvakansies en verklaarde openbare vakansiedae, is vir die duur van die opleidingstydperk aan kwekelinge betaalbaar.

Indien die bywoning van opleiding minder is as die tyd bepaal in regulasie S34.2, kan 'n *pro rata*-gedeelte van die toelae betaal word: Met dien verstande dat om redes wat vir die Sekretaris aanvaarbaar is, die volle toelae betaal kan word, ongeag enige versuim om opleiding vir die volle tyd by te woon.

(b) 'n Aansparingstoelae van hoogstens R5 per week vir die duur van die opleiding kan deur die Sekretaris, op die voorwaardes deur hom bepaal, toegeken word aan kwekelinge na verkryging van die Nasionale Teg-niese Sertifikate, Dele 1 en 2."

SCHEDULE

The following regulation is substituted for Regulation T6.1:

"T6.1 (a) An allowance determined by the Secretary, but not exceeding R30 per week of seven days ending on Fridays, inclusive of school holidays and declared public holidays, shall be payable to trainees for the duration of their period of training.

In the event of the attendance of training being less than the time determined in Regulation S34.2, a *pro rata* portion of the allowance may be paid: Provided that, for reasons acceptable to the Secretary, the full allowance may be paid irrespective of any failure to attend training for the full period.

(b) An incentive allowance not exceeding R5 per week may be granted to trainees for the duration of their period of training by the Secretary, under the conditions determined by him, after they have obtained the National Technical Certificates, Parts 1 and 2."

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 313

20 Februarie 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/2/129)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 2 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 313

20 February 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/2/129)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 2 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Tariefitem	II Tariefpos en Beskrywing	III IV Skaal van Reg	
		Aksyns	Doeane
OPMERKING 2	Deur Opmerking 2 (b) by Afdeling A van Deel 2 deur die volgende te vervang: „(b) word hier wat kragtens enige item (uitgesonderd item 606.04.03) in Bylae No. 6 geklaar word, nie in aanmerking geneem nie.”		

Opmerking.—Die Opmerking word gewysig om aan te dui dat die hoeveelheid bier wat kragtens item 606.04.03 geklaar word vir gebruik in die vervaardiging van ander bier, 'n faktor sal wees om die skaal van reg by tariefitem 104.10.20 te bepaal.

SCHEDULE

I Tariff Item	II Tariff Heading and Description	III IV Rate of Duty	
		Excise	Customs
NOTE 2	By the substitution for Note 2 (b) to Section A of Part 2 of the following: “(b) beer which has been cleared under any item (excluding item 606.04.03) in Schedule No. 6 shall not be taken into account.”		

Note.—The Note is being amended to indicate that the quantity of beer which has been entered under item 606.04.03 for use in the manufacture of other beer, shall be a factor in determining the rate of duty in tariff item 104.10.20.

No. R. 314

20 Februarie 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964
WYSIGING VAN BYLAE 6 (No. 6/114)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 6 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 314

20 February 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964
AMENDMENT OF SCHEDULE 6 (No. 6/114)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 6 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Item	II Tariefitem en Beskrywing	III Mate van Korting	IV Mate van Terugbetaling
606.04.03	Deur tariefitem 104.10 deur die volgende te vervang: „104.10 Bier van mout gemaak, vervaardig in 'n doeane-aksynspakhuis en geklaar vir gebruik by die vervaardiging in daardie pakhuis, of sodanige ander pakhuis as wat die Kommissaris mag toelaat, vir soortgelyke bier met 'n berekende laer of hoër relatiewe digtheid voor fermentasie	Volle reg	

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat bier van mout gemaak met korting op reg geklaar mag word vir gebruik by die vervaardiging van soortgelyke bier met 'n berekende laer of hoër relatiewe digtheid voor fermentasie in 'n pakhuis wat die Kommissaris van Doeane en Aksyns mag toelaat.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Item and Description	III Extent of Rebate	IV Extent of Refund
606.04.03	By the substitution for tariff item 104.10 of the following: „104.10 Beer made from malt, manufactured in a customs and excise warehouse and entered for use in the manufacture in that warehouse, or such other warehouse as the Commissioner may allow, of similar beer with a determined lower or higher relative density before fermentation	Full duty	

Note.—The effect of this notice is that beer made from malt may be entered under rebate of duty for use in the manufacture of similar beer with a determined lower or higher relative density before fermentation in a warehouse as the Commissioner for Customs and Excise may allow.

No. R. 353

20 Februarie 1981

REGULASIES INGEVOLGE DIE
VERSEKERINGSWET, 1943
VERWYSING

Die Minister van Finansies het kragtens artikel 76 gelees met artikel 23A van die Versekeringswet, 1943 (Wet 27 van 1943), die regulasies uitgevaardig wat in die Bylae hiervan uiteengesit is.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken die uitdrukking “die Regulasies” die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1285 van 27 Augustus 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 252 van 23 Februarie 1968, R. 2036 van 2 November 1973, R. 2489 van 28 Desember 1973, R. 1442 van 20 Augustus 1976, R. 333 van 1 Maart 1977, R. 838 van 20 Mei 1977, R. 1249 van 8 Julie 1977, R. 2274 van 4 November 1977, R. 947 van 12 Mei 1978, R. 1631 van 11 Augustus 1978 en R. 120 van 26 Januarie 1979.

No. R. 353

20 February 1981

REGULATIONS UNDER THE INSURANCE
ACT, 1943
AMENDMENT

The Minister of Finance has, under section 76 read with section 23A of the Insurance Act, 1943 (Act 27 of 1943), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule the expression “the Regulations” means the regulations published under Government Notice R. 1285 of 27 August 1965, as amended by Government Notices R. 252 of 23 February 1968, R. 2036 of 2 November 1973, R. 2489 of 28 December 1973, R. 1442 of 20 August 1976, R. 333 of 1 March 1977, R. 838 of 20 May 1977, R. 1249 of 8 July 1977, R. 2274 of 4 November 1977, R. 947 of 12 May 1978, R. 1631 of 11 August 1978 and R. 120 of 26 January 1979.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur regulasie 28 en die bylae daarvan deur die volgende regulasie en bylae te vervang:

"28. (1) By die toepassing van hierdie regulasie en regulasie 29 het onderstaande uitdrukkings die volgende betekenis:

'geannualiseerde bydraes' beteken, met betrekking tot 'n skema, $\frac{12}{m}$ van die totale bydraes verskuldig kragtens sodanige skema gedurende 'n skemajaar, maar met uitsluiting van inwaartse oordragwaardes en met uitsluiting van krediete aan die werkgewer, wat in die skema ontstaan as gevolg van die onttrekking van 'n lid; 'individuele lewensversekeringsbesigheid' sluit groepbesigheid in waarkragtens deelname deur persone wat in aanmerking daarvoor kom opsioneel is en bemarking van die betrokke skema verkoping aan individue behels, uitgesonderd sodanige groepbesigheid wat betalings deur 'n persoon aan 'n pensioenfonds meebring wat ingevolge artikel 11 (k) (ii) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), in die geheel of gedeeltelik van die inkomste van sodanige persoon aftrekbaar is;

'm' beteken die getal maande in 'n skemajaar;

'n' beteken, vir elke afsonderlik uitkenbare onderdeel van 'n polis—

(a) indien slegs C van die getalle A, B en C op sodanige onderdeel van toepassing is, C; en

(b) indien C en slegs een of albei van die ander voornoemde getalle op sodanige onderdeel van toepassing is, die kleinste getal wat van toepassing is; en by die toepassing van hierdie omskrywing, beteken—

'A' die getal jare in die premiebetalende termyn, indien sodanige termyn eenduidig omskryf is;

'B' die getal jare ten opsigte waarvan premies betaalbaar is voordat die vroegste oorlewingsvoordeel (met inbegrip van 'n afkoopwaarde maar uitgesonderd 'n ongeskiktheidsvoordeel) van minstens 'n uitdruklik vermelde of voorafbepaalbare geldelike bedrag beskikbaar word; en

'C' —

(i) met betrekking tot 'n aftreejaargeldversekering, die grootste van $2\frac{1}{2}$ en 66 minus ouderdom volgende verjaarsdag by intrede; en

(ii) met betrekking tot enige ander versekering, die grootste van 10 en 75 minus ouderdom volgende verjaarsdag by intrede;

'onafhanklike tussenganger' beteken 'n persoon wat dienste lewer met die oog op die aangaan, instandhouding of versorging van polisse wat deur 'n geregistreerde versekeraar onderskryf is of gaan word, maar sluit nie die volgende in nie:

(a) 'n Voltydse verteenwoordiger van sodanige versekeraar;

(b) 'n ander versekeraar; of

(c) 'n bouvereniging wat kragtens die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), geregistreer is, ten opsigte van polisse wat aangegaan is of gaan word in verband met besigheid wat deur sodanige vereniging gedryf word;

'P' beteken, met betrekking tot enige polisjaar van 'n versekering, vir elke afsonderlik uitkenbare onderdeel van die polis, die premie wat ingevolge die polis betaalbaar is ten opsigte van dié jaar en wat bereken word teen die normale tabulêre premie van die betrokke geregistreerde versekeraar vir 'n standaardlewe met die

2. The Regulations are hereby amended by the substitution for regulation 28 and the schedule thereto of the following regulation and schedule:

"28. (1) For the purposes of this regulation and regulation 29—

'annualised contributions', in relation to a scheme, means $\frac{12}{m}$ of the total contributions due under such scheme during a scheme year, but excluding transfer values inwards and excluding credits to the employer arising in the scheme in consequence of the withdrawal of a member;

'full-time representative', in relation to a registered insurer, means an employee or a representative who on a full-time basis renders services towards effecting, maintaining or servicing policies underwritten or to be underwritten solely by such insurer and whose services are rendered on conditions which preclude him from rendering such services relating to policies underwritten by any other insurer;

'independent intermediary' means any person who renders services towards effecting, maintaining or servicing policies underwritten or to be underwritten by a registered insurer, but does not include—

(a) a full-time representative of such insurer,

(b) another insurer, or

(c) a building society registered under the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965), in respect of policies effected or to be effected in connection with business conducted by such society;

'individual life insurance business' includes group business under which participation by eligible persons is optional and marketing of the scheme concerned involves selling to individuals, other than such group business which involves payments by a person to a pension fund which are deductible in full or in part from the income of such person in terms of section 11 (k) (ii) of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962);

'm' means the number of months in any scheme year;

'n' means, for each separately identifiable constituent of a policy—

(a) if only C of the numbers A, B and C is applicable to such constituent, C; and

(b) if C and only one or both of the other aforementioned numbers are applicable to such constituent, the smaller or smallest, as the case may be, of such numbers as are applicable;

and for the purposes of this definition—

'A' means the number of years in the premium-paying term, if such term is uniquely defined;

'B' means the number of years in respect of which premiums are payable before the earliest survival benefit (including a surrender value but excluding a disability benefit) of at least a specifically stated or predeterminable monetary amount becomes available; and

'C' means —

(i) in relation to a retirement annuity assurance, the greater of $2\frac{1}{2}$ and 66 minus age next birthday at entry; and

(ii) in relation to any other assurance, the greater of 10 and 75 minus age next birthday at entry;

'P', in relation to any policy year of an assurance, means, for each separately identifiable constituent of the policy, the premium which in terms of the policy is payable in respect of that year and which is calculated at the normal tabular premium of the registered insurer

werklike ouderdom van die versekerde lewe, met uitsluiting van alle gesondheids-, beroeps-, neweberoeps-, lugvaart-, woon- en gelyksoortige ekstra premies;

'skema' beteken 'n pensioen- of groepskema wat onderskryf is deur middel van 'n binnelandse lewenspolis;

'skemajaar' beteken, met betrekking tot 'n skema, 'n periode wat begin op—

(a) die aanvangsdatum of die verjaarsdag, al na die geval, van die skema met die betrokke versekeraar; of

(b) die datum van aanstelling van die makelaar vir die skema,

wat ook al die laatste is;

en eindig op—

(i) die dag wat die eersvolgende verjaarsdag van die skema voorafgaan; of

(ii) die datum van beëindiging van die skema by die betrokke versekeraar; of

(iii) die datum van beëindiging van die aanstelling van die makelaar vir die skema;

wat ook al die vroegste is;

'voltydse verteenwoordiger' beteken, met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar, 'n werknemer of verteenwoordiger wat op 'n voltydse basis dienste lewer met die oog op die aangaan, instandhouding of versorging van polisse wat alleenlik deur sodanige versekeraar onderskryf is of gaan word en wie se dienste gelewer word op voorwaardes wat hom belet om sodanige dienste te lewer met betrekking tot polisse onderskryf deur 'n ander versekeraar.

(2) Hierdie regulasie en regulasie 29 is van toepassing—

(a) in die geval van individuele lewensversekeringsbesigheid, op alle binnelandse lewenspolisse met 'n aanvangsdatum van 1 Maart 1977 of later;

(b) in die geval van 'n skema met 'n aanvangsdatum vóór 1 Maart 1977, op alle skemajare wat op of na 1 Julie 1977 'n aanvang neem;

(c) in die geval van 'n skema met 'n aanvangsdatum van 1 Maart 1977 of later, op alle skemajare:

Met dien verstande dat, indien 'n wysiging in regulasie 28 of 29 aangebring word en daar nie uitdruklik anders bepaal is nie—

(i) dié wysiging nie van toepassing is nie—

(aa) 'n binnelandse lewenspolis wat onder individuele lewensversekeringsbesigheid val, of

(bb) 'n skemajaar;

met 'n aanvangsdatum vóór die datum waarop die wysiging van krag word; en

(ii) regulasies 28 en 29 van toepassing bly op 'n polis of skemajaar soos bedoel in (i) hierbo, asof die wysiging nie van krag geword het nie.

(3) Geen geregistreerde versekeraar en geen ander persoon ten behoeve van sodanige versekeraar laat as vergoeding vir dienste gelewer of wat gelewer gaan word met die oog op die aangaan, instandhouding of versorging van 'n binnelandse lewenspolis 'n teenprestasie, behalwe kommissie in geldelike vorm, oorgaan na, of bied dit aan, aan 'n onafhanklike tussenganger of iemand wat sakebetrekkings het met of binne die tweede graad van bloed- of aanverwantskap verwant is aan 'n onafhanklike tussenganger wat sodanige dienste gelewer het of gaan lewer nie, en sodanige onafhanklike tussenganger of persoon wat sodanige sakebetrekkings het of sodanig verwant is, ontvang nie van sodanige versekeraar of ander persoon, enige teenprestasie nie, behalwe kommissie in geldelike vorm.

concerned for a standard life of the actual age of the life assured, excluding all health, occupational, avocational, aviation, residential and similar extra premiums;

'scheme' means a pension or group scheme underwritten by means of a domestic life policy;

'scheme year', in relation to a scheme, means a period commencing on—

(a) the date of commencement or the anniversary date, as the case may be, of the scheme with the insurer concerned; or

(b) the date of the appointment of the broker to the scheme,

whichever is the later;

and ending on—

(i) the day preceding the next succeeding anniversary date of the scheme;

(ii) the date of termination of the scheme with the insurer concerned; or

(iii) the date of termination of the appointment of the broker to the scheme;

whichever is the earliest.

(2) This regulation and regulation 29 shall apply—

(a) in the case of individual life insurance business, to all domestic life policies with a date of commencement of 1 March 1977 or later;

(b) in the case of any scheme with a date of commencement prior to 1 March 1977, to all scheme years commencing on or after 1 July 1977;

(c) in the case of any scheme with a date of commencement of 1 March 1977 or later, to all scheme years:

Provided that, if any amendment is made to regulation 28 or 29 and it is not otherwise specifically provided—

(i) such amendment shall not apply to—

(aa) a domestic life policy which falls under individual life insurance business, or

(bb) a scheme year,

with a date of commencement prior to the date on which the amendment comes into force; and

(ii) regulations 28 and 29 shall continue to apply to such a policy or scheme year as is contemplated in (i) above, as if the amendment had not come into force.

(3) No registered insurer and no other person on behalf of such insurer shall pass or offer, as remuneration for services rendered or to be rendered towards effecting, maintaining or servicing a domestic life policy to any independent intermediary or to any person associated in business with or related within the second degree of consanguinity or affinity to an independent intermediary who has rendered or is to render such services, any consideration other than commission in monetary form, and such independent intermediary or associated or related person shall not receive from such insurer or other person any consideration other than commission in monetary form.

(4) Die waarde van sodanige kommissie mag nie die waardes wat ooreenkomstig die Bylae by hierdie regulasie bepaal is, te bowe gaan nie.

(5) 'n Geregistreerde versekeraar kan ten opsigte van 'n binnelandse lewenspolis slegs kommissie betaal op 'n premie of 'n premie-paaierement indien sodanige premie of premie-paaierement werklik deur hom ontvang is: Met dien verstande dat ten opsigte van so 'n polis hy—

(a) die kommissie met betrekking tot 'n bepaalde polisjaar by die aanvang van dié jaar en nog voor ontvangs van 'n premie-paaierement vir die betrokke jaar op die volgende voorwaardes kan betaal:

(i) By die berekening van die bedrag van die voor-kommissie word daar veronderstel dat die premie verskuldig raak met dieselfde frekwensie as die kommissie; en

(ii) indien enige sodanige paaierement gedeeltelik of in die geheel onbetaald bly, skryf die versekeraar so gou as moontlik die kommissie terug wat betrekking het op minstens die onbetaalde gedeelte of die geheel, al na die geval, van sodanige premie-paaierement; en

(b) indien sodanige polis 'n binnelandse aftreejaargeldversekering is, ook kommissie nog voor die jaar waarop die kommissie betrekking het op die volgende voorwaardes kan betaal:

(i) Hoogstens 50 persent van die kommissie wat betrekking het op elkeen van die tweede en daaropvolgende polisjare (indien van toepassing) kan betaal word by inwerkingtreding van die versekering, met die veronderstelling dat die betrokke P konstant sal bly;

(ii) voorkommissie word verdiskonteer teen 10 persent per jaar samegestelde rente vanaf die datum waarop dit betaalbaar is tot die datum van inwerkingtreding van die polis; en

(iii) enige voorkommissie wat daarna onverdiend blyk te wees as gevolg van 'n vermindering of niebetaling van die betrokke P, word so gou as moontlik teruggeskryf teen sy oorspronklike verdiskonteerde waarde tesame met samegestelde rente teen die koers waarna in subparagraaf (ii) verwys word vanaf die datum van inwerkingtreding van die polis tot die datum waarop die betrokke P verskuldig geraak het.

(6) Indien 'n geregistreerde versekeraar om welke rede ook al 'n premie of premie-paaierement kragtens 'n binnelandse lewenspolis terugbetaal, skryf die versekeraar die kommissie wat betrekking het op sodanige premie of premie-paaierement so gou as moontlik terug.

BYLAE BY REGULASIE 28

1. Individuele lewensversekeringsbesigheid

(1) Gereelde premiebesigheid.

(a) *Aftreejaargeldversekerings.*—Vir elke afsonderlik uitkenbare onderdeel van die polis, kommissie met betrekking tot elkeen van soveel van die polisjare wat nie vyf te bowe gaan nie, betaalbaar by die aanvang van of in die loop van die betrokke polisjaar, al na die geval, en bereken teen $0,9 \text{ persent} \times n \times P$, onderworpe aan 'n minimum van $2\frac{1}{2}$ persent van P en 'n maksimum van 20 persent van P.

(b) *Alle ander versekerings.*—(i) Vir elke afsonderlik uitkenbare onderdeel van die polis, eerstejaarskommissie van $3\frac{1}{4}$ persent $\times n \times P$, onderworpe aan 'n maksimum van 85 persent van P: Met dien verstande dat betaling van enige deel van sodanige kommissie afhanklik gestel kan word van die betaling van die premie van

(4) The value of such commission shall not exceed the values determined in accordance with the Schedule to this regulation.

(5) A registered insurer may in respect of any domestic life policy only pay commission on a premium or an instalment of premium if such premium or instalment of premium has actually been received by him: Provided that he may in respect of such a policy—

(a) pay the commission relating to any particular policy year at the commencement of that year in advance of receipt of any instalment of premium for that year on the following conditions:

(i) For the purpose of calculating the amount of the advance commission it shall be assumed that the premium becomes due with the same frequency as the commission; and

(ii) if any such instalment remains partially or wholly unpaid, the insurer shall as soon as possible reverse the commission relating to at least the unpaid part or the whole, as the case may be, of such instalment of premium; and

(b) if such policy is a domestic retirement annuity assurance, also pay commission in advance of the year to which the commission relates on the following conditions:

(i) A maximum of 50 per cent of the commission relating to each of the second and subsequent policy years (if applicable) may be paid at commencement of the assurance, on the assumption that the relevant P will remain constant;

(ii) advance commission shall be discounted at 10 per cent per annum compound interest from the date on which it is payable to the date of commencement of the policy; and

(iii) any advance commission subsequently proving to remain unearned due to a reduction in or non-payment of the relevant P, shall be reversed as soon as possible at its original discounted value together with compound interest at the rate referred to in subparagraph (ii) from the date of commencement of the policy to the date the relevant P became due.

(6) If for whatever reason a registered insurer returns any premium or instalment of premium under a domestic life policy, the insurer shall as soon as possible reverse the commission relating to such premium or instalment of premium.

SCHEDULE TO REGULATION 28

1. Individual life insurance business

(1) Regular premium business.

(a) *Retirement annuity assurances.*—For each separately identifiable constituent of the policy, commission in respect of each of so many policy years as do not exceed five, payable at the commencement of or during the course of the relevant policy year, as the case may be, and calculated at $0,9 \text{ per cent} \times n \times P$, subject to a minimum of $2\frac{1}{2}$ per cent of P and a maximum of 20 per cent of P.

(b) *All other assurances.*—(i) For each separately identifiable constituent of the policy, first year's commission of $3\frac{1}{4}$ per cent $\times n \times P$, subject to a maximum of 85 per cent of P: Provided that payment of any part of such commission may be made conditional upon

enige daaropvolgende jaar en dat in so 'n geval genoemde deel met hoogstens 15 persent per jaar vermeerder kan word, jaarliks saamgestel tot by betaling van genoemde deel.

(ii) Hernuwingskommissie, betaalbaar na die eerste jaar van die polis, waarvan die waarde, verdiskonteer teen 15 persent per jaar tot die aanvang van die tweede jaar, nie 33½ persent van die eerstejaarskommissie soos bepaal in (i) hierbo en gelees sonder die voorbehoud daarin, te bowe gaan nie.

(2) Enkelpremiebesigheid.

(a) *Onmiddellike jaargeldpolisse.*—(i) Geen kommissie betaalbaar in die geval van verbonde jaargelde kragtens aftreejaargeldversekerings of kragtens skemas nie.

(ii) 'n Halwe persent van die teenprestasie in die geval van verpligte aankope kragtens onverbonde aftreejaargeldversekerings en kragtens skemas wat vir onverbonde jaargelde voorsiening maak.

(iii) Een-en-'n-half persent van die teenprestasie in alle gevalle wat nie in (i) of (ii) hierbo genoem is nie.

(b) *Termynversekering.*—Sewe en 'n half persent van die enkel premie kragtens die betrokke polis.

(c) *Alle ander enkelpremiebesigheid.*—(i) Indien die betrokke polis 'n aftreejaargeldversekering is, 2½ persent van die enkelpremie kragtens die polis.

(ii) Indien die betrokke polis nie 'n aftreejaargeldversekering is nie, 2½ persent van die enkelpremie kragtens die polis.

2. Pensioen- en groepskemas

(1) In 'n bepaalde skemajaar ten opsigte van 'n bepaalde skema, $\frac{m}{12}$ van die totale kommissie, soos volg bereken:

(a) Vir die eerste R15 000 van die geannualiseerde bydraes, 7,50 persent van sodanige bydraes;

(b) vir die gedeelte van die geannualiseerde bydraes wat R15 000 maar nie R25 000 te bowe gaan nie, 5 persent van sodanige bydraes;

(c) vir die gedeelte van die geannualiseerde bydraes wat R25 000 maar nie R50 000 te bowe gaan nie, 3 persent van sodanige bydraes;

(d) vir die gedeelte van die geannualiseerde bydraes wat R50 000 maar nie R200 000 te bowe gaan nie, 2 persent van sodanige bydraes;

(e) vir die gedeelte van die geannualiseerde bydraes wat R200 000 te bowe gaan, 1 persent van sodanige bydraes.

(2) Ten opsigte van die eerste skemajaar, nadat 'n nuwe skema gestig is, bykomende kommissie by dié wat kragtens (1) hierbo bepaal is, maar wat nie R900 of 7,50 persent van die geannualiseerde bydraes vir daardie skemajaar, watter ook al die minste is, te bowe gaan nie, en sodanige bykomende kommissie is slegs van toepassing wanneer 'n skema vir die eerste keer gevestig is."

3. Hierdie regulasies tree in werking op 1 Junie 1981.

payment of the premium of any later year and that in such event the said part may be increased by not more than 15 per cent per annum, compounded annually until payment of the said part.

(ii) Renewal commission, payable after the first year of the policy, of which the value, discounted at 15 per cent per annum to the commencement of the second year, does not exceed 33½ per cent of the first year's commission as determined in (i) above, read without the proviso thereto.

(2) Single premium business.

(a) *Immediate annuity policies.*—(i) No commission to be payable in the case of tied annuities under retirement annuity assurances or under schemes.

(ii) Onehalf per cent of the consideration in the case of compulsory purchases under untied retirement annuity assurances and under schemes providing for untied annuities.

(iii) One and a half per cent of the consideration in all cases not mentioned in (i) and (ii) above.

(b) *Term assurance.*—Seven and a half per cent of the single premium under the policy concerned.

(c) *All other single premium assurances.*—(i) If the policy concerned is a retirement annuity assurance, 2½ per cent of the single premium under the policy.

(ii) If the policy concerned is not a retirement annuity assurance, 2½ per cent of the single premium under the policy.

2. Pension and group schemes

(1) In any one scheme year, in respect of any one scheme, $\frac{m}{12}$ of the aggregate commission, calculated as follows:

(a) For the first R15 000 of the annualised contributions, 7,50 per cent of such contributions;

(b) for that portion of the annualised contributions in excess of R15 000 but not exceeding R25 000, 5 per cent of such contributions;

(c) for that portion of the annualised contributions in excess of R25 000 but not exceeding R50 000, 3 per cent of such contributions;

(d) for that portion of the annualised contributions in excess of R50 000 but not exceeding R200 000, 2 per cent of such contributions;

(e) for that portion of the annualised contributions in excess of R200 000 1 per cent of such contributions.

(2) In respect of the first scheme year, after setting up a new scheme, commission additional to that determined under (1) above, but not exceeding R900 or 7,50 per cent of annualised contributions for that scheme year, whichever is the lesser, and such additional commission shall apply only when a scheme is first established."

3. These regulations shall come into operation on 1 June 1981.

No. R. 357

20 Februarie 1981

WYSIGING VAN DIE DEWIESEBEHEERREGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP BETAALMIDDELS EN WISSELKOERSE, 1933 (WET 9 VAN 1933)

Die Staatspresident het kragtens artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet 9 van 1933), die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie regulasies beteken "die Regulasies" die Dewiesebeheerregulasies afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961 soos gewysig by Goewermenskennisgewings R. 872 van 3 Junie 1966, R. 1647 van 21 Oktober 1966, R. 650 van 19 April 1968 en R. 355 van 5 Maart 1976.

2. Regulasie 1 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "bevoegde amptenaar" deur die volgende omskrywing te vervang;

"'bevoegde amptenaar' 'n doean- en aksynsbeampte, 'n immigrasiebeampte, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawenspolisie, of iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om as sodanig op te tree";

(b) deur na die omskrywing van "eienaar" die volgende omskrywing in te voeg:

"'finansiële bystand' ook die uitleen van valuta, die verlening van krediet, die opneem van sekuriteite, die aangaan van 'n huurkoop of 'n verhuring, die finansiering van verkope of voorrade, 'n verdiskontering, 'n faktoring, die waarborg van aksepteringskrediete, die waarborg of aanvaarding van enige verpligting, 'n borgtog, 'n terugkoop en 'n terugverhuring maar met uitsluiting van—

(a) die verlening van krediet deur 'n verkoper ten opsigte van enige handelstransaksie wat direk die oorgang van eiendomsreg op die verkoopte goed van verkoper na koper behels, en

(b) die verlening van krediet alleen ten opsigte van die betaling van dienste gelewer";

(c) deur na die omskrywing van "finansiële bystand" die volgende omskrywing in te voeg:

"'geaffekteerde persoon' 'n regs persoon, stigting, trust of vennootskap wat in die Republiek sake doen, of 'n boedel, ten opsigte waarvan—

(i) 25 persent of meer van die kapitaal, bates of verdienstes daarvan gebruik mag word vir betaling aan, of vir die bevoordeling op enige wyse van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie; of

(ii) 25 persent of meer van die stembedraende geldwaardige papiere, stembevoegdheid, mag van beheer, kapitaal, bates of verdienstes daarvan, regstreeks of onregstreeks gesetel is in, of beheer word deur of ten behoeve van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie"; en

(d) deur die omskrywing van "vreemde valuta" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'vreemde valuta' enige valuta wat nie in die Republiek wettige betaalmiddel is nie, en ook enige kredietbrief, posorder, poswissel, promesse, reistjek, wissel of enige ander instrument vir die uitbetaling van valuta wat betaalbaar is in 'n valuta-eenheid wat nie in die Republiek wettige betaalmiddel is nie."

No. R. 357

20 February 1981

AMENDMENT OF THE EXCHANGE CONTROL REGULATIONS PROMULGATED IN TERMS OF SECTION 9 OF THE CURRENCY AND EXCHANGES ACT, 1933 (ACT 9 OF 1933)

The State President has in terms of section 9 of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act 9 of 1933), made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In these regulations "the Regulations" shall mean the Exchange Control Regulations promulgated under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961, as amended by Government Notices R. 872 of 3 June 1966, R. 1647 of 21 October 1966, R. 650 of 19 April 1968 and R. 355 of 5 March 1976.

2 Regulation 1 of the Regulations is hereby amended—

(a) by inserting the following definition before the definition of "appropriate officer":

"'affected person' means a body corporate, foundation, trust or partnership operating in the Republic, or an estate, in respect of which—

(i) 25 per cent or more of the capital, assets or earnings thereof may be utilised for payment to, or to the benefit in any manner of, any person who is not resident in the Republic; or

(ii) 25 per cent or more of the voting securities, voting power, power of control, capital, assets or earnings thereof, are directly or indirectly vested in, or controlled by or on behalf of, any person who is not resident in the Republic";

(b) by substituting the following definition for the definition of "appropriate officer":

"'appropriate officer' means any officer of customs or excise, any immigration officer, any member of the South African Police, any member of the South African Railways and Harbours Police or any person authorised by the Treasury to act as such";

(c) by inserting the following definition before the definition of "foreign currency":

"'financial assistance' includes the lending of currency, the granting of credit, the taking up of securities, the conclusion of a hire purchase or a lease, the financing of sales or stocks, discounting, factoring, the guaranteeing of acceptance credits, the guaranteeing or acceptance of any obligation, a suretyship, a buy-back and a lease-back but excluding—

(a) the granting of credit by a seller in respect of any commercial transaction directly involving the passing of ownership of the goods sold from seller to purchaser; and

(b) the granting of credit solely in respect of the payment for services rendered";

(d) by substituting the following definition for the definition of "foreign currency":

"'foreign currency' means any currency which is not legal tender in the Republic, and includes any bill of exchange, letter of credit, money order, postal order, promissory note, traveller's cheque or any other instrument for the payment of currency payable in a currency unit which is not legal tender in the Republic";

3. Regulasie 3 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (e) van subregulasie 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) enige finansiële bystand aan iemand in die Republiek verleen nie, waar as sekuriteit vir sodanige finansiële bystand, die persoon wat die finansiële bystand verleen op sy beurt staatmaak op enige sekuriteit, waarborg, onderneming of finansiële bystand, regstreeks of onregstreeks, voorsien deur—

(i) iemand wat buite die Republiek woonagtig is; of

(ii) ’n geaffekteerde persoon;”;

(b) deur paragraaf (f) van subregulasie 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

“(f) enige finansiële bystand aan iemand in die Republiek verleen nie, waar so iemand—

(i) nie in die Republiek woonagtig is nie; of

(ii) ’n geaffekteerde persoon is.”; en

(c) deur subregulasie (9) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(9) Vir die toepassing van subregulasie 1 (a) word eiendomsbewyse wat betrekking het op geldwaardige papiere as geldwaardige papiere beskou, en enige verwysing in subregulasies (3), (4) en (5) na geldwaardige papiere word geag verwysings na sodanige eiendomsbewyse in te sluit.”.

3. Regulation 3 of the Regulations is hereby amended—

(a) by substituting the following paragraph for paragraph (e) of subregulation (1):

